08 Jul

Uitgawe 2009/07/08

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

My volk is dwaas; My ken hulle nie; dwase kinders is hulle, en hulle is onverstandig; slim is hulle om kwaad te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie. (**Jer.4:22**). Juda was bedrewe in kwaad doen en het nie geweet hoe om goed te doen nie. Om reg te lewe is nie net om sonde te vermy nie. Dit neem beslistheid en dissipline. Ons moet bekwaam word om in opregtheid te lewe omdat ons gedrag God se aandag trek. Ons moet uitsonderlik wees in ons Christelike leefwyse net soos ons dit in ons werksituasie nastreef. ***Vader, verlos ons van die bose. Help ons om goed te doen soos ons ons lewens baseer op U kennis en waarheid.***

Deurbraak : Jemen – radio stasies word gebruik om huiskerke te plant

Die aantal Christene in Jemen is besig om toe te neem. Volgens die *Far East Broadcasting Company* (FEBC) is dit toe te skryf aan die radio-gebaseerde 'Kerk in die Huis' program wat in Desember 2008 geloods was. Aangesien die land van die Midde-Ooste met 'n populasie van 23 miljoen oorwegend Moslem is, is daar geen kerke wat hulle kan besoek nie. Personeel van *Feba* (nog 'n organsisasie van FEBC) het saam met produseerders gewerk wat boorlinge is van Egipte, Sirië en Libanon, om 36 programme te ontwikkel wat die Bybelse raamwerk gee vir 'n huiskerk. Die hoop is dat luisteraars inisiatief sal neem om groepies te vorm wat in hul eie huise sal saamkom nadat hulle na enige van die uitsendings geluister het. In 2004 het *Feba* begin uitsaai in 'n dialek van Jemen, met wonderlike terugvoering. Jemeniete kon nie glo dat hul landsgenote van Christus praat in hul eie taal nie. (Webruimte: http://joelnews.squarespace.com, 19/06/09). ***Prys die Here vir hierdie program. Bid dat hierdie program baie vrugte sal werp en dat baie sal leer dat Jesus Christus die Seun van God is.***

Bid vir jou gemeenskap : Geskeide ouers skend kinders in hul volwasse lewe

Kinders wie se ouers geskei is, is meer geneig om "aanhoudende" probleme te ondervind met hul onderrig, geestelike gesondheid en toekomstige verhoudings volgens 'n onlangse studie. Kinders wie se ouers geskei is sal twee keer meer waarskynlik ook skei as volwassenes. Dogters toon gevolge in die meer gevorderde stadiums van hul lewens as mans en ondervind angstigheid en depressie. Gedragsprobleme, die werwing van kwalifikasies, die behoefte vir mediese behandeling, swangerskap op 'n vroeë ouderdom en verskeie wat steun op dwelms, alkohol of rook, word ook gesien as ander negatiewe gevolge. (Webruimte: http://www.christian.org.uk/news/20090629/split-parents-harm-kids-into-adult-life/, 29/06/09). ***Bid asseblief vir hernieude en wye ondersteuning van huwelike en die kragtige voordele vir kinders wat in huishoudings opgevoed word waar hulle beskerm en met liefde hanteer word.*** (**Heb.13:4a**).

Suid-Afrika : Binnelandse Sake

Ongeveer 400 offisiere is afgedank weens omkopery sedert 2007 in die *Departement van Binnelandse Sake* waar die geveg teen die uitreiking van vervalsde dokumente baie mense se reise oorsee belemmer het. Vyf-en-neëntig offisiere is ontslaan in die laaste 3 maande vir korrupte aktiwiteite. Die departement staar groot uitdagings in die gesig omdat lakse sekuritieit aan die departement se kant, daartoe gelei het dat Brittanje 'n visum vereis van alle Suid-Afrikaners wat die land wil besoek. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/Politics/1057/2d77727de9404fdda4f8df8e938f4412/07-07-2009%2007-07/Home_affairs_facing_fraud_crisis, 07/07/09). ***Dank die Here dat korrupsie aan die lig kom. Bid dat enige vorm van korrupsie, omkopery en enige ander onwettige aktiwiteit in die departement tot 'n einde sal kom. Bid dat hierdie insidente nie daartoe sal lei dat daar teenoor Suid-Afrikaners gediskrimineer word by grensposte, ens. nie.***

Internasionaal : Bid vir herlewing in Indië

Die agste jaarlikse *Day of Prayer for Revival in India* is om die draai! U word uitgenooi om saam met die mense van Indië en regoor die wêreld te bid deur samekomste te hou en gebedskettings te vorm op 11 Julie 2009 en te bid vir herlewing in Indië. Mag daar Christene wees wat saamkom in massas in elke stad, dorp en dorpie om God aan te roep om herlewing te bring in Indië. Hoekom op 'n spesifieke dag bid? Die konsep van 'n jaarlikse dag vir landwye gebed is gebaseer op die dag van Versoening in **Levitikus 16**. "Wat kan God doen as die hele land van Indië na God draai en bely en bid op 'n spesifieke dag van die jaar?" Hierdie gedagte en die die belofte in **2 Kronieke 7:14**, was die dag van gebed vir Indië gebore. (E-pos: Intercessors.Network@Telia.com, 27/06/09). ***Bid vir persoonlike herlewing; dat elke Christen in Indië 'n honger sal hê om heilig te leef en om Christus na te streef.*** (**Kol.3:1-4**). ***Bid vir herlewing in families; dat elke familie gesentreerd sal wees om Christus*** (**Josh.24:15b**). ***Bid vir sendelinge; dat hulle almal gefokus sal bly op hul roeping en getrou vir Jesus sal volg.*** (**1 Kor.15:58**).

Hierdie gebedskalender is 'n insiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com